

**Skriflesing:** Esegïël 17:1-24

**Teks:** Esegïël 17:2

**Sing-** Ps. 147:1,6; Ps. 118:9; (Ps. 128:4); Ps. 89:2; Ps. 146:4

Die doop vandag aan hierdie kindjie bedien, staan saam met beloftes wat gemaak word.

Broeder en suster- Ons kan ook praat van arende kom by die doop ingevlieg, maar dit gaan eintlik alles oor beloftes wat gemaak is. Waarlik die belofte wat 'n mens voor die Here maak is vir die Here van die grootste belang en nooit mag ons maar willekeurig daarmee omgaan nie. Die belofte waarmee ek my kind doop, die belofte waarmee broeders later vandag ook in die ampte bevestig gaan word, laat ons beseef watter geweldige gevaar daarin opgesluit lê as ek deur die beloftes te verbreek God se Naam skend. Al sluit 'n christelike volk met 'n heidense volk 'n ooreenkoms en die ooreenkoms vind plaas dat die christelike volk in sy ooreenkoms met die heiden God die Getuie van hierdie ooreenkoms maak dan moet hierdie belofte teenoor die heiden ter wille van die eer van God in ere gehou word. Ek moet beloftes wat ek gemaak het nie wil verander nie. Psalm 15 stel dit nog sterker dat al het ons tot ons skade gesweer dan mag ons dit nie verander nie.

\*\*\*

Hierdie ooreenkoms van beloftes, die waarheid en trou daaraan verbonde het in Esegïël 17 ons by 'n punt gebring dat ons vandag in die bediening van die doop ook deur die Here voor 'n groot raaisel gestel word. Die raaisel van twee arende is deur die Here aan ons voorgehou en Esegïël het tussen hierdie twee raaisels moes uitmaak wat verwag die Here van ons. Ons die ou wingerdstokkie wat ook ons plek tussen die arende van die wêreld moet begryp. Ek gaan dan die hoofstuk met u so wil indeel. (1)Eerstens kyk ons na die raaisel van die twee arende. (2) Daarna die posisie waarin die wingerdstok verkeer. (3) En in die laaste plek wat is ons plek (ook hierdie gedoopte kindjie se plek) tussen die arende van die wêreld.

### **Die raaisel van die twee arende:**

Die Here gee Self aan Esegïël die opdrag- *Mensekind gee 'n raaisel op aan die huis van Israel en dra 'n gelykenis voor...* En nou word in hierdie raaisel groot stukke van die politiek van die wêreld ook weer blootgelê. Ja, u moet onthou toe ons met die reeks uit Esegïël begin het, toe was ons reeds aan die politiek van daardie tyd blootgestel gewees. Ons kan Israel en die posisie waarin Israel verkeer nooit losmaak ook van sy politieke posisie nie. Geloof en politiek, godsdiens en politiek mag nie van mekaar geskei word nie. Die Here laat dit nie toe nie. Ook toe ek verlede week in Israel was dan kom so baie van die dinge uit Esegïël weer na 'n mens terug. As jy uit Jerusalem

na Bethlehem beweeg dan moet jy deur politieke grense breek, al lê die plekke minder as 10 km van mekaar. Die Palestyne regeer in Bethlehem, die Jode die grootste dele in Jerusalem, die plek van Jesus se geboorte en die plek van Jesus se sterwe lê polities nou in twee wêreldes, twee arende is daar, maar dit bly dieselfde Jesus wat gebore is en toe later gekruisig is.

Daardie skeidinge in die politiek mag nie so sterk wees dat die geloof die skeidinge nie kan oorbrug nie. Wie in sy geloof te swak is om nie vanuit sy politieke staanplek ook by die Jode, die Grieke, die Romeine, uit te kom nie, so 'n mens staan voor 'n krisis. Hoe die wêreld destyds polities ook ingedeel was, dit mag geen verandering wees dat Paulus nie by hulle almal kon uitkom nie. Op grond van ons belofte aan die Here mag politieke werklikhede ons nie verhinder om ons belofte uit te voer nie. Ek mag nie 'n politieke werklikheid so gebruik dat dit eintlik my moet pas al pas dit nie meer in by wat ek vroeër in 'n belofte bekend gemaak het nie.

\*\*\*

Dit is presies waaroor die gelykenis van die twee arende handel. Daar was 'n politieke werklikheid in al twee die arende teenwoordig. Die eerste groot arend met groot vleuels en lang vlerke staan in v.3. Dit was vol vere, pragtig veelkleurig en die arend vlieg na die top van die Libanon en die toppie van 'n boom, 'n sederboom word deur die arend afgepluk. En die toppie van die boom word in die stad van die koopmans neergesit. Daar sit genade daarin dat die toppie nie uit die arend se bek geval het nie, maar wel doelmatig, ja selfs doeltreffend in die ander land neergesit is.

Dan kom die eerste arend nog weer teruggevlieg en soos vv 5-6 saamstaan blyk dit dat die saad van die land wat toe geneem was inderdaad die steggie van 'n wynstok was en is dit in die land as oewergewas geplant. Met hierdie steggie is daar nie vêr mee weggevlieg nie, maar met groot sorg en versigtigheid is die steggie eintlik in eie bodem teruggesit. Die doel van die arend was dat hierdie steggie in sy eie land, in sy eie grond ook goed moet kan groei, dan kan die arend later terugkom om wel van sy vrugte te geniet. Dit lyk in die gelykenis asof dit dan ook aanvanklik vir die arend so uitgewerk het. Ons lees in v.6 dit *het uitgespruit en 'n breë wingerdstok geword, laag van groei...* ons kon aflei die lote het hulle ding gedoen.... *dit het lote gemaak en lootjies uitgeskiet.*

\*\*\*

Broeder en suster, nou wat nou hiervan?! Ons mag selfs vra wat sit agter hierdie eerste arend, ja wat is die politieke werklikheid wat hier ter sprake kom? Ons moet dit weet voordat die invlieg van die tweede arend verstaan kan word. Hierdie eerste arend is die koning van Babel, Nebukadnesar, koning en heerser oor 'n magtige ryk (groot vleuels, lang vlerke) en sy heerskappy het oor verskillende volke gestrek (versinnebeeld in die veelkleurigheid van sy vere). Nou weet ons wat al lankal met Esegïël besig is, dat Babel het ook as oorwinnaar oor Palestine gekom. Koning Jojagin en 'n groot deel van die volk, insluitend Esegïël self, is in ballingskap weggevoer. Die toppie van die groot seder het die arend in sy bek geneem en daarmee weggevlieg. Dit alles het gebeur in 597v.C. Selfs Jojagin se ma en Jojagin se vroue, die kruin van die sederboom is weggeneem en in die land van die koopman neergesit.

Maar dieselfde arend Nebukadnesar stel vir Mattanja, 'n oom van Jojagin as koning in Palestina aan, maar hy, al word hy koning genoem, is hy maar eintlik 'n skoothond vir die werklike koning, hulle praat van 'n vasal-koning. Nebukadnesar gee Mattanja 'n nuwe naam- hy benoem hom Sedekia- wat dan ironies genoeg “*geregtigheid*” beteken. (Watter soort geregtigheid Nebukadnesar bedoel is natuurlik 'n vraag!) Wat wel seker is dat Nebukadnesar het hiermee 'n baie duidelike politieke plan gehad. Die arend wat terugvlieg het mos sy eie saadjie, sy wingerdsteggie die land teruggeplant (v5).

Nebukadnesar wou hê dat die gebied van Juda waar Mattanja nou sogenaamd koning moes wees, moet eintlik maar net as 'n bufferstaat tussen hom en Egipte dien. Nebukadnesar vrees wel Egipte en om sy planne te beveilig het hy vir Sedekia laat sweer dat hy vir Nebukadnesar as koning erken. Vv 13-14 wys op die erns van wat Sedekia met Nebukadnesar mee ooreengekom het. Daar is in die Naam van die Here bepaalde beloftes afgelê en dit maak nou nie saak wat eintlik die inhoud van die beloftes was nie, maar die feit dat God die Getuie daarvan gemaak is, dit is waarom dit vir die Here oor handel. God is in hierdie ooreenkoms tussen twee konings betrek en God sal nie met die spel tussen konings, ja God sal nie in 'n politieke spel tussen mense Hom wat die Here is laat misbruik nie. Dit moet u goed besef, broeder en suster.

\*\*\*

Want nou verskyn die tweede arend. Egipte self. Ook indrukwekkend, tog minder majestueus as die eerste arend. 'n Klomp opgepofte vere sonder die veelkleurigheid maar kyk wat doen Israel nou. Hierdie wingerd in Juda deur Nebukadnesar agtergelaat

draai nou om... in v 7 staan- *hierdie wingerdstok het sy wortels na hom* (die tweede arend) *toe gebuig en sy ranke na hom toe uitgeskiet uit die beddings waar dit geplant was...* Die krisispunt van die raaisel waarmee Esegïel na die volk moet terugkom is wat van die belofte waarmee die Here die Getuie van gemaak is. Al het 'n volslae heiden soos Nebukadnesar die voordeel getrek van so 'n belofte, maar dit mag nie die verskoning wees dat die belofte nie langer mee geld nie. Geliefdes dit het dan eintlik reeds ons tweede gedagte ingelui-

**Die posisie waarin die wingerdstok verkeer:**

As daar 'n ooreenkoms gesluit is, selfs met 'n heiden, maar die ooreenkoms het God ook betrek, dan sal jy jou ooreenkoms moet handhaaf, jy sal jou belofte moet betaal, al dink jy miskien ek kan mos maar dinge verander as dit my nou beter sou pas om eerder nou die tweede arend te kies in plaas van die eerste arend. Albei arende is ewe groot heidene, maar God staan daartussen, God is in hierdie ooreenkoms met Nebukadnesar die eerste Getuie gemaak en die Here maak dit duidelik Hy sal die eerste Getuie bly. God sal Hom nie in beloftes laat misbruik maar net ter wille van die mens se voordeel nie.

Volk en koning, albei in die wingerdstok geteken kan nie nou skielik, omdat die politieke winde nou anders waai, nou skielik buig hulle hul wortels om en skiet hulle ranke na Egipte toe uit, dat Egipte hulle moet bevogtig in die beddings waar dit geplant was. Ons praat van volk en koning saam, want broeder en suster, u moet hfst. 16 ook nog weer toepas, hfst. 16 waar God wys hoe sy volk eintlik soos 'n skoonheidskoningin opgewek was, pragtig was hierdie vrou, die vrou van God moes Israel wees, maar sy het 'n slegte vrou geword, die Here het haar hoer begin noem... Hoe erg om te moet hoor as die Here sy volk, sy kerk, by sulke name begin noem!

\*\*\*

Maar hfst. 17 staan die koning nie los van sy volk nie. Die volk kan die koning nie die skuld gee nie, die koning kan die volk nie skuld gee nie, want moet u altyd ook onthou in hierdie hoofstukke van Esegïel is daar nog heeltyd die groot saak uit te maak, wat ons in die tweede erediens weer nader by gaan uitkom van ons het elkeen 'n persoonlike verantwoordelikheid.

\*\*\*

Sedekia het dit sekerlik polities goed kon bedink, hy sou dit polities selfs kon verantwoord en dit wou regverdig dat om nou eerder die tweede arend te kies in plaas

van die eerste maak polities net meer sin. Farao Hofra in Egipte het so baie ons aan te bied. Ja Sedekia en die volk stem saam kom ons reorganiseer ons politiek heeltemal, ons soek nou eerder aansluiting by Egipte teen Babel as wat ons langer toelaat dat ons maar net hierdie ou volkie, 'n buffer volkie tussen Babel en Egipte moet wees. Ons stel ons nasionale belange voorop want wat sal ons beloftes aan Nebukadnesar ons nou nog help?!

Broeder en suster, die wingerdstok wil sy ranke laat uitskiet na hoe dit lyk die wingerd die beste pas, maar God kyk by die politieke voordele verby. God kyk dwarsdeur mense se nasionalistiese strewes en as jou nasionalisme beteken dat jou beloftes aan die Here dan ook maar daaronder moet ly, moet nie dink God sal maar daarmee ook vrede hê nie! Vir God is dit troubreuk, al staan ek met 'n heiden soos Nebukadnesar in verband, maar ek het my woord in die Naam van die Here aan die heiden gegee, dan bly dit my woord gedoop in God se verbond en God sal met sy verbond nie laat mors nie.

Dit moet u goed beseef, broeder en suster, dit is nie dan maar net troubreuk teen Nebukadnesar nie, maar dit is troubreuk teen God. Mag Israel nie maar probeer polities uitkomst te soek nie, mag ek nie deur slim diplomatie eerder nou Egipte se perde kies as wat ek langer aan Babel se juk my moet skawe nie. Menslik kan mens jouself baie dinge wil veroorloof, dinge wil regverdig in hoe ek dit vir myself wil uitredeneer..... is dit nou so 'n groot sonde om van Nebukadnesar te probeer loskom?!

Die feit is en dit wil ek herhaal as ons ons woord aan iemand gegee het, gedoop in die verbond van God dan mag daardie woord hoegenaamd nie gebreek word nie. Dit was die groot sonde wat God se toorn teen hom laat ontvlam. Al het die hele volk agter Sedekia gestaan en het hulle ook Sedekia se politieke beleid in die opsig ten volle ondersteun, maar die profeet van die Here teken hierdie daad van die koning as 'n gruwel aan, al sou hy dit ook demokraties wou regverdig. .

Nie dat Esegïël vir Nebukadnesar die pleit voer nie, Esegïël het beslis nie die kant van die heidense koning wou kies nie, dit gaan beslis nie daaroor nie, maar dit gaan oor die Naam van die Here in Wie die belofte gedoen is. Sedekia het beloop om die bepalinge van die verdrag te hou onder die beseef dat hy God se vloek kan inroep as hy sy ooreenkoms met Nebukadnesar verbreek. Met ooreenkoms wat God die Getuie maak

mag daar nie maar willekeurig mee omgegaan word nie. Ook as ons in enkele dae weer die belofte van die Afrikaner op Geloftedag moet nakom, dan wonder mens in hoe 'n mate bring ons die straf van die Here oor onself oor die wyse waarop Geloftedag vir die geslag van Afrikaners nie meer belofte-betekenis dra nie. Mense wil maak en leef asof daar aan God nie meer die gelofte bestaan nie. Oor die wyse van viering is daar wel klemverskille maar dat die Gelofte wel aan God die belofte van die bou van 'n kerk en die oordrag van hierdie geskiedenis aan ons nageslag belowe het, is daar geen twyfel nie. Wanneer die basiese van die Gelofte nie eers meer geld nie, hoe lank moet God dan nog met ons as volk geduldig wees?!

Die posisie waarin Israel as wingerdstok verkeer, bly 'n verbond posisie. Hier is vandag ook 'n kindjie gedoop, hy (sy) is in die verbond posisie geplaas. Belofte is gemaak wat nagekom moet word. God het die kind in sy Naam laat doop en dit stel vir ouer en kind vir die res van hulle lewe onder die bepalinge van wat die doop vir God beteken maar ook vir ons. Ons wat die getuies was by hierdie doop. Ons het voorregte, maar ook verantwoordelikhede wat ons in die laaste plek laat kyk na –

**Ons plek as wingerdstok tussen die arende van die wêreld:**

Tussen die arende van die wêreld, tussen die regerings wat daar vandag in die wêreld is, hoe sleg en onbetroubaar baie van hulle ook mag wees, van jou en my as die Here se wingerdstok word daar verwag dat ons betroubaar sal wees en bly. Dit is ernstig dat as jy jou woord gegee het, dat jy jou woord moet hou. Daar is niks in die lewe wat nie afhanklik is van hoe betroubaar ons is nie. As die gelowige onbetroubaar is, wat moet die heiden dan dink van die God van die gelowige. Verstaan u dan ook hoekom God so hard en duidelik met alles wat ons reeds in Esegïël oor gehandel het, ook oor jou en my betroubaarheid met ons besig is. Kontrakbreuk het met verbondsbreuk te make en God sien dit in die gewig van sy verbond met ons. Vers 18 sê die Here dit baie duidelik van Sedekia- *hy het die eed geminag deur die verbond te verbreek...dan sê die Here daarby-...hy sal nie ontvlug nie....* Die Here herhaal dan weer dat die verbreking van die eed is die verbreking van die verbond wat op Sedekia se kop sal neerkom.

\*\*\*

Maar geliefdes, as u, u plek tussen die arende van die wêreld werklik goed raaksien, dan is die einde van Esegïël 17 aangrypend. Die Here maak Homself die groot Arend. Hy troon oor alle regerings. Hy is meer as net ons Arend in Jesus Christus, maar Esegïël 17 eindig met die geloof in die Messias-Koning en met die koms van sy heerlike

koninkryk. Die Here daal Self op die verhewe top neer en neem van die seder 'n steggie en Hy plant dit. Hoe blootgestel, hoe teer, hoe verfyn die ogie van die steggie ook mag wees, uit daardie tere ogie van die geplante steggie word dit geplant op 'n hoë en verhewe berg. Daar word die groei van hierdie steggie 'n boom met baie takke en baie vrug en baie voëls in die takke en die voëls in hulle kleure-verskeidenheid vlieg in die boom rond, van tak tot tak is daar groei, daar is vrug, daar is lewe, daar is voëls! So groot word hierdie boom dat die boom die skaduwee gee wat almal onder die boom so nodig het.

Broeder en suster, hierdie boom kan net Een wees, in Wie ons alles ontvang het wat ons nodig het, nl. ons Here Jesus Christus. In Hom is hier vandag gedooop, in Hom gaan ons kerkrade met die tweede diens bevestig, in Hom die boom van die lewe waarvan Genesis ook al praat en waarmee Openbaring eindig, Esegïel is by dieselfde boom, terwyl Sedekia en 'n hele volk saam met hom nie in die boom se skaduwee kon wees nie, want was hulle nie eers teenoor die heidene betroubaar nie, hoe sal hulle teenoor God betroubaar gereken kan word. Om politieke dinge te wil uitreken, om voortdurend met diplomatieke voetwerk te dink God sal dit ook maar aanvaar, want ons soek mos net vir almal die beste, broeder en suster, dit deug nie voor God nie. Die getrouheid van God eis van jou betroubaarheid want daarsonder is ons met troubreuk besig wat op geen wyse ooit geregverdig kan word nie, nie eers teenoor die heidene nie.

AMEN